**Joan Hambidge**

# Pase by my Ouers

Hulle bid by hul HereGod
oor die Opstanding
oor die Verlossing
oor die vermeerdering van brood
en visse, oor Genade
en hul middelkind
se langverwagte besoek.
Luister na hul verhale,
hoe iemand se Neef ingedoen word,
oor my susters se lewe
en Tant Gog se onverwagse afsterf.
Op 82 en 76 dra hul krom
aan die stories van hul lewe
by die kruispad van die dood.
My ou vader weier om na 'n ouetehuis
te gaan; my kromgetrekte moederlief
berei vir my 'n gunstelingmaal
in hul meenthuis gepantser
met ysterhek en staaldeure.
Ons praat oor plaasmoorde,
inbrake, aanvalle en bedelaars
wat daagliks voor die deur staan.
Hoe lank nog Vader
voordat hulle aan U deur klop?